

10 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 1:19-28
Fokusverse: Johannes 1:22, 23

Verdiep jouself in God se Woord

Die Jode (in die Johannes-Evangelie word met “Jode” die godsdienstige leiers van Israel bedoel) stuur priesters en Leviete na Johannes die Doper om hom te vra: “Wie is jy?” Vir meer as 400 jaar het daar nie ’n profeet in Israel opgetree nie, en onder die Jode was daar die verwagting dat die Messias gaan kom om hulle van die Romeinse juk te bevry. Toe daar so ’n invloedryke man soos Johannes die Doper op die toneel verskyn, het die Jode begin wonder of hy dalk die Messias is.

Johannes het geweet dat die Messias verwag word en daarom sê hy duidelik: “*Ek is nie die Christus* (Messias – HZ) *nie.*” Ook is Johannes nie Elia of die Profeet nie. Na aanleiding van Maleagi 4:5 het die Jode geglo dat Elia weer sou kom. Johannes is egter iemand soos Elia. Soos Elia tree hy op in ’n tyd van morele verval en godsdienstige agteruitgang. En, soos Elia, roep Hy die volk tot bekering, want die Messias is se koms is naby!

Om vir die Jode te verduidelik wie hy is en wat hy doen, haal Johannes Jesaja 40:3 aan. Jesaja 40 vertel van Juda se verlossing uit die ballingskap, en Jesaja 40:3 roep uit dat daar ’n pad vir die Here gemaak moet word sodat Hy sy volk na die beloofde land kan teruglei. En dit is presies wat Johannes die Doper doen. Die Messias is op pad en Johannes maak die pad gereed vir sy koms. Hy maak die mense gereed vir God se finale redding deur Jesus Christus.

Om vir die Jode te verduidelik wie hy is wat hy doen, maak Johannes van die Bybel gebruik. God se Woord leer hom wat sy roeping is. Gelowige kind van die Here, verdiep jouself in God se Woord. Daarin sal jy leer wie jy is en wat jy moet doen. As iemand vandag vir jou moet vra: “Wie is jy, en waarmee is jy besig?”, hoe gaan jy hom/haar antwoord?

Sing: Psalm 118:1, 7 (1936)

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)